Op die berg van die Here word voorsien

Teks: Mattues 6: 25 -34 & Sondag 10
Teksvers: Mattues 6: 32

1. Inleiding

In ons leerdiens vandag fokus ons ook in voorbereiding op die uitnodiging na die Nagmaal van die Here. Ons kan dit met die volgende aardse beeld vergelyk. Wanneer ’n ouer vir ’n kind beveel om te kom eet, weet ons dat hulle die kind se versorging op die hart het. Maar wat van ons geestelike gesondheid en dan ook ons geestelike dieet. Natuurlik veral die geestelike versorging is belangrik in hierdie opsig. Die vraag bly in lyn ook met ons eerste diens, gaan ons wegbly met een of ander verskoning oor versorging?

Ook tydens Jesus se dienswerk op aarde, is sy dissiples bekommerd. Hulle moet tog eet en aantrek tog het hulle ’n beroepslewe agter gelaat om Jesus te volg. Hoe lank sal hulle nog kan eet en aantrek. Jesus sien dit raak en spreek hierdie bekommernis aan. Sy opdrag aan hulle is om eers die koningryk van God te soek in ons teksvers, dan sal hierdie dinge vir hulle bygevoeg word soos ons in vers 33 sien. Maar Jesus is die liefdevolle leermeester en gee nie bloot net hierdie opdrag wat op die oor af so hard klink aan hulle nie. Nee, hy verduidelik duidelik en eenvoudig aan hulle hoekom hierdie opdrag hulle bekommernisse sal laat verdwyn. Hy voer ’n gesprek met hulle.

2. God is ons hemelse Vader

Die gesprek in ons teksgedeelte is nie sommer enige gesprek nie. Wat ons hier aantref is ’n ernstige vermaning van Jesus aan die dissipels. Die term waarmee Jesus hulle aanspreek openbaar alreeds die probleem.

Ons sien vandag in die wêreld om ons dikwels Pa’s wat nie in staat is om vir hulle kinders te sorg nie. Maar God is die skepper en onderhouer van die heelal soos wat ons duidelik bely in Sondag 9 en Sondag 10 van die Heidelbergse kategismus. Daarom is Hy meer as in staat om ook aan al ons behoeftes te voorsien. Dit is dan juis hier waar Jesus ook begin met sy verduideliking.

As God dan die voëls in die lig en die blomme in die veld onderhou, kan Hy mos die mens ook onderhou. God is ons hemelse Vader. En as Vader is ons versorging ook sy verantwoordelikheid. Daarom vorm ons daaglikse brood deel uit van die Onse Vader gebed wat Jesus die dissipels leer in Matteus 6:9-14. As kinders van God het ons ’n aanspraak op sy versorging. Daarom sal God al die dinge vir ons byvoeg net soos vers 33 sê.

Maar hierdie versorging is nie net beperk tot die fisiese dinge nie. Geloof kom ook ter sprake in die versorging. Die fokus in ons teksvers openbaar dit duidelik. En die tekens en simbole in die gebruik van die sakrament van die Heilige Nagmaal bevestig.

3. God weet wat ons nodig het.

Dikwels wanneer aardse ouers ’n baba kry voel hulle bietjie uit hulle diepte oor wat presies wat alles die baba nodig het. Maar met God is dit nie die geval nie. Ons het reeds gesien dat God ons geskape het en daarom weet Hy presies wat ons nodig het. Ons sien dit ook duidelik in Jesus se aardse bediening. Van sy wonderwerke behels die vermeerdering van voedsel juis omdat Hy die honger mense jammer gekry het. Hy het self ook in die woestyn honger ervaar. Die duiwel het ook dit as versoeking vir Jesus gebruik. Tog bestaan die mens uit meer as net blote biologiese materie.
Daarom antwoord Jesus ook die duiwel met die woorde “ ’n mens leef nie van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom “ in Matteus 4:4. Maar tog is voedsel en klere ingesluit by al hierdie dinge wat wat God byvoeg in vers 33. Ons vind ’n parallel van hierdie gedeelte in Lukas 12, maar in Lukas 11 vanaf vers 11 tot 10 tref ons die bekende gedeelte aan van ’n pa wat tog nie vir sy kind ’n slang of skerpioen sal gee nie. Soos ons aardse vaders weet die Here wat ons eintlik nodig het. En wat ons nodig het is

eintlik baie dieper en belangriker as blote voedsel en klere.

Daarom sien ons reeds in vers 25 dat Jesus verbaas aan die dissiples vra of die lewe dan nie meer is as kos en klere nie. Want in Lukas 11 vers 13 staan ook dat die Here die Heilige Gees sal gee vir die wat dit vra. Die Heilige Gees binne ons is wat ons nodig het vir hierdie lewe en ook die ewige lewe. Daaraan het die die dissiples nie eers gedink nie. Omdat die dissipels opgeneem is deur die bekommernisse van hulle tyd, wat nie eintlik verskil van die bekommernisse van ons tyd nie. Soos wat ons sien in vers 32 is hierdie dinge, dit wat die heidene wakker hou snags. Dit lyk amper of die dissipels soos ons ook dikwels vergeet wat in Psalm 127:2 staan wat ons ook gesing het aan die begin van die diens. "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite ’n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.” Ja die Here gee al hierdie dinge vir hulle in hulle slaap.

Met die oog op die nagmaal volgende week, kan ons vanoggend ook vra is die lewe dan nie meer as kos en klere is nie nie?

4. Ons moet die koninkryk soek.

Daarom word aan al ons behoeftes voorsien om ons hande los te maak om iets anders te doen. Soek eers die koningryk van God en sy geregtigheid. Hier kom die groot verskil tussen die kleingelowige en die ongelowige. Die ongelowige glo dat niemand anders aan sy behoefte sal voorsien nie en daarom is hy self baie bekommerd daaroor. Die kleingelowige bekommer hom dat God nie genoegsaam aan al sy behoeftes sal voorsien nie. ’n Oortuiging wat ons reeds gesien het geen grond het nie. Beide is sonde voor die Here. Want die gelowige moet eintlik oor iets heeltemal anders bekommerd wees.

Die gelowige moet die koningryk en regverdigheid van God soek. Dit moet sy bekommernis wees. Die woord wat vir soek gebruik word is in die imperatiewe aktiewe vorm, wat daarop dui dat dit ’n voortdurende taak is. Ons kan dit in verband bring met die soeke na God se koningsheerskappy in ons lewens. Wanneer ’n mens se fokus volkome gevestig is op die soeke van God se koningryk en regverdigheid, dan verdwyn alle ander twyfel en bekommernisse. Dit is dan juis daarom dat die bywoord vir eerste gebruik saam met hierdie opdrag. Want indien ons die koningryk en regverdigheid van God altyd eerste soek, dan sal ons nie nodig hê om enigiets anders te soek nie. Want soos ons reeds gesien het belowe God dat al die ander dinge outomaties ons deel sal word.

Tog is dit belangrik om te besef dat Jesus geensins hier die opdrag gee om maar net terug te sit en te ontspan nie. Want as ’n mens nie werk nie kan jy tog nie eet nie. Die woord van God is ook duidelik hieroor in 2 Thessalonisenche 3 vers 10. Soos in vers 26 sien sorg God vir die voëls in die lug. Tog kan hulle nie maar bloot in die nes bly nie. Hulle moet steeds uitgaan en die kos gaan haal wat God aan hulle voorsien. Ons moet steeds werk en aarbei. God gee ons immers ook die gawes om te werk en aarbei. Maar ons werk en arbeid lyk tog anders as die van die ongelowiges. Want hulle arbei net om hulleself te versorg. Terwyl ons weet God versorg ons en daarom is ons arbeid ’n antwoord op God se roeping op ons lewe. Daarom moet ons ook in ons arbeid God eer. Daarom soek ons ook in ons arbeid eers die koninkryk en regverdigheid van God.

5. Slot

Ons het gesien dat twyfel en kommer oor ons daaglikse bestaan nie nodig is vir die gelowige nie. Die gelowige het ’n Vader in die Hemel wat presies weet wat hy nodig het. Die Vader in die Hemel sal daarom die gelowige versorg net soos Hy ook die res van die skepping in stand hou. Soos wat ’n kind al sy bekommernisse in sy ouers se hande los, kan ons ook ons bekommernisse by God los. Dit is iets wat die kerk van vroeg af besef en verkondig het. Ons sien dat Paulus reeds in Fillipense 4 vers 6 aan die kerk sê: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend”. En nie net hy nie ook Petrus skryf aan die kerk die volgende: “Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.” in 1 Petrus 5:7.

Hoor vanoggend weer hierdie liefdevolle Vaderstem wat ons roep om te kom eet volgende Sondag. Die oproep waarin ons beide geestelike en fisiese versorging raaksien, sodat ons, onsself nie meer oor daaglikse dinge nie, maar kan beywer vir God se koninkryk.

Amen